

Bo en behalwe vir die graanbemarking en silo-aanlegte wat Prodsure bedryf, staan Prodsure ook bekend vir die gehalte volvet-sojameel wat hul vervaardig.

Volvetverwerkingsaanleg

Die volvetverwerkingsaanleg in Brits, is toegerus met moderne tegnologie. Die fabriek word 24 uur per dag, 7 dae 'n week bedryf en die volvet-sojameel word landwyd van dié aanleg verspei.

Volvet-sojameel verkope

Die volvet-sojameel is in losmaat of in 50 kg sakke beskikbaar. Prodsure kan ook die sojabone namens kliënte na volvet-sojameel verwerk teen bekostigbare tariewe.

Gebruike van volvet-sojameel

Volvet-sojameel is 'n baie gesogte proteïenbron en 'n belangrike bestanddeel vir vee- en pluimveevoermengsels. Die sojabone ondergaan ekstrusie om groei-inhiberende faktore in die produk af te breek, wat die produk meer verteerbaar maak vir enkelmaagdiere.

Vervaardigingsproses


Die rou sojabone bevat die volgende groei-inhiberende komponente nl:

- Heamaglutinus
- Sopanos
- Anti-Vitamien A

Hierdie faktore onderdruk die vee of pluimvee se groeivermoë. Hierdie inhiberende faktore is hitte-sensitief en word vernietig deur die regte prosesseringsmetode, waarvan ekstrusie 'n erkende metode is. Die korrekte hitte wat tydens ekstrusie bereik moet word is tussen 130°C en 134°C om sodoende die inhibeerders doeltreffend af te breek.

Op hierdie wyse word die absorpsie van die proeiendraende peptiede makliker gemaak vir enkelmaagdiere.

Onderprosesserings benadeel die dier se groeivermoë. Oorprosesserings kan die proteïen-inhoud van die volvet-sojameel verminder en dan neem die voedingswaarde af.



Onderstaande ontleding soos op 'n bepaalde datum / The following analysis as on a specific date

Proteïen/Protein	Vog/Moist	Rou F/Crude F	Vet/Fat	As/Ash	Urease	KOH	Metabol
%	%	%	%	%	Ph ver/di	%	MJ/KG
36.5	5.90	4.09	18.86	5.03	0.26	79.64	15.53